

## **Sing vooraf staande: Psalm 133:1, 2 (p. 650)**

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.  
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,  
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,  
op Sions berg: die HEER gebied die seën,  
die lewe tot in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 45:1, 5, 6 (p. 230)**

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 5 U troon hou stand in storm en stryd, / u septer is regverdigheid.  
U min geregtigheid, maar haat / die onreg met die onregsdaad.
- 6 U, Koning, van so 'n ryksgebied, / het God met vreugdesalf oorgiet.  
O God, u God, die maak U groot / bo elke vors en troongenoot.

Gebed

## **Psalm 72:1, 2 (p. 360)**

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid  
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.  
Dan vind u volk weer 'n beskermmer, / een wat hul saak besleg,  
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.
- 2 O saalge ryk waar enkel vrede / oor berge en heuwels sweef;  
die Vors na Gods geregtighede / sal heers oor wat daar leef;  
waar Hy in strenge strafgedinge, / sy swaard die skede ontruk,  
die arme ophef en geringe, / maar neerslaan wie verdruk.

**Skriflesing:** 1 Samuel 9:15-10:16

**Kernverse:** 1 Samuel 10:9-11

**Net toe hy omdraai om van Samuel af weg te gaan, het God Saul se gesindheid verander. Al hierdie tekens het op dié dag uitgekóm. Hulle het daar in Gibea gekóm, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. Die Gees van God het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree. Almal wat hom voorheen geken het en nou gesien het hoe hy nou saam met die profete as profeet optree, het vir mekaar gevra: “Wat het met Kis se seun gebeur? Is Saul ook onder die profete?” (1 Samuel 10:9-11 AFR1983)**

**Tema:** Die Here se keuse van 'n leier; Saul word verseker dat hy die Here se keuse is.

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons almal is tog op die een of ander manier bevooroordeelde oor mense. Baie maal wanneer ons vir onself 'n indruk oor iemand gevorm het, raak ons moeilik daarvan ontslae. Dink maar net hoe voel jy oor iemand wat jou benadeel het. Wanneer daar 'n verandering in so 'n mens se gesindheid teenoor jou gekóm het, bly dit moeilik om die

gevoelens wat 'n mens oor die persoon het sommer net so te laat vaar. Ongelukkig gebeur dit dat ons vooroordele baie maal ons optrede teenoor mense beïnvloed.

Aan die ander kant leer ons die Here ons God ken as die almagtige God. Omdat Hy almagtig is, is niks vir Hom onmoontlik nie. Sara, die vrou van Abraham, het ook gedink dat daar nie 'n kans is dat sy wat negentig jaar oud is 'n kind sal kan hê nie. Die Here het toe vir Abraham en Sara gevra: **Is iets te buitengewoon vir die Here?** (Genesis 18:14 AFR1983). 'n Jaar later het die Here gewys dat niks vir Hom onmoontlik is nie, want Isak is gebore uit die liggaam wat menslik gesproke al gedaan was. Maria kon ook nie glo toe die engel Gabriël vir haar sê dat sy 'n Kind sal hê sonder dat sy met 'n man gemeenskap gehad het nie. En wie is nege maande later uit die maagd Maria gebore? Ons Here Jesus Christus, want die Heilige Gees het die lewe in haar gewek.

Ons kan mense maklik afskryf en sê dat hulle nikswerd is, wat nog te sê dat hulle bruikbaar kan wees vir die Here. Maar keer op keer wys die Here vir ons dat mense se oordeel nie so betroubaar is nie. Die een misdadiger wat saam met Jesus gekruisig is, is deur almal afgeskryf as 'n skurk wat nie plek in die samelewing het nie. Daarom is hy gekruisig. Tog het Jesus en die Heilige Gees juis vir hom gered en is hy na sy dood in die paradys opgeneem. Die meeste mense wou van Jesus van Nasaret ontslae raak omdat Hy vir hulle 'n irritasie was. En toe Hy nou nog ook die vernederende dood aan die kruis gesterf het, het weinig mense geglo dat Hy werklik die Verlosser kan wees. Maar **op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here.** (Romeine 1:4 AFR1983)

Broers, susters en kinders, Saul sou seker ook vir baie Israeliete nie hulle eerste keuse wees om oor Israel te regeer nie. Saul is immers uit die stam Benjamin en hierdie stam het nie so 'n rooskleurige verlede nie. Saul self is ook nie so 'n watwonderse persoon nie. En nou praat ons nie van sy uiterlike voorkoms en gesindheid nie. Uiterlik het Saul gelyk soos iemand na wie 'n mens kan opkyk. Hy is lank, mooi en sterk. En ons het hom ook leer ken as iemand wat opdragte deeglik kan uitvoer, iemand wat besorg is oor sy pa en iemand wat nie skaam is om advies van sy slaaf te aanvaar nie. Maar afgesien van al hierdie mooi dinge merk 'n mens tog 'n leemte by Saul op. Hy leef nie in 'n hegte verhouding met die Here nie. Diens aan God en geloof in die Here is klaarblyklik nie baie hoog op Saul se prioriteitslys nie. Ons ken vandag ook sulke mense. Die Here kom nie altyd eerste in hulle lewe nie. Hulle is eintlik ongeërg oor 'n geloofslewe.

Saul het homself ook nie juis gesien as iemand aan wie die Here so 'n belangrike verantwoordelikheid sal toevertrou nie. Samuel het vir Saul gevra:

**Maar aan wie behoort die kosbaarste goed in die hele Israel? Is dit nie aan jou en jou hele familie nie?** (1 Samuel 9:20 AFR 1983)

Met hierdie vraag het Samuel nie na aardse besittings verwys nie. Kis is wel ryk, maar die Here het nie gesê dat hy die rykste man in Israel is nie. Nee, met hierdie vraag het Samuel al verwys na die posisie waarna die Here vir Saul wil verhef. Saul antwoord op hierdie vraag so:

**Ek is maar net 'n Benjaminiet, uit die swakste stam van Israel. Boonop is my familie die kleinste in die stam Benjamin!** (1 Samuel 9:21 AFR1983)

Saul verstaan nie die vraag mooi nie, maar hy sien homself beslis nie as so belangrik nie.

Geliefdes, ons sien in Samuel se optrede hoe ons gelowiges wat in God se almag glo behoort op te tree. Die Here het die vorige dag aan Samuel gesê dat Hy die volgende dag 'n man uit Benjamin na hom sal stuur wat hy dan as regeerder oor Israel moet self. Samuel maak nie by die Here beswaar omdat Hy 'n Benjaminiet verkies het nie. Hy probeer ook nie die ontmoeting met die man uit Benjamin vermy nie. Samuel vertrou die Here en weet dat die Here die beste vir sy volk sal kies. Daarom hoor

ons dat Samuel alles gereed gekry het sodat hy die man uit Benjamin kan ontvang en hom reeds eer as die toekomstige regeerder van Israel. Samuel eer Saul deur aan hom en sy slaaf 'n ereplek onder die genooïdes te gee aan tafel. Daarby kry Saul ook die prima deel van die vleis wat gaargemaak is. Samuel het dit vir die eregas by die ete uitgehou. Vir Samuel maak dit nie saak wie die man is wat die Here gaan stuur nie. Samuel ontvang hom met 'n oop gemoed, want die Here het hierdie man gekies.

Die res van daardie dag na die ete het Samuel privaat met Saul gepraat. Die Here laat ons niks van daardie gesprek hoor nie, maar ons kan aanneem dat dit te doen gehad het met die tergende vraag op baie Israeliete se lippe, naamlik wie oor Israel sal regeer. Moontlik het die verantwoordelikhede van 'n regeerder in Israel ook aan die tafel ter sprake gekom, soos wat die Here dit in Deuteronomium 17 geopenbaar het. Wat egter vir ons nou van belang is, is om raak te sien hoe die Here aan Saul self bekend maak dat Hy hóm gekies het om oor Israel te regeer.

Die oggend vroeg het Samuel vir Saul aangesê om gereed te maak sodat hy kan vertrek terug na sy huis toe. Samuel stap egter saam en laat die slaaf vooruit stuur. Toe Samuel en Saul alleen is, doen Samuel wat die Here aan hom opgedra het. Hy giet 'n kruik olie op Saul se kop uit en sê:

**Die Here het jou tot regeerder oor sy besitting gesalf** (1 Samuel 10:1 AFR1983).

Die olie waarmee Saul gesalf is, is olie wat spesiaal vermeng is in opdrag van die Here. Die Here het hierdie resep aan Moses gegee (Eksodus 30:22-33). Wat Samuel met die olie gedoen het, was maar net 'n afbeelding van wat die Here geestelik met Saul doen. Die Here gaan Saul met sy Heilige Gees salf sodat hy bekwaam sal wees vir sy dienswerk as regeerder oor Israel. Samuel gebruik hier dieselfde woord wat die Here gebruik het om Saul se dienswerk te beskryf, naamlik die woord wat ons met *regeerder* vertaal. Die woord kan ook met *prins* vertaal word. Saul se regeerwerk oor Israel sal sy dienswerk aan die Here wees tot voordeel van Israel. Hy sal aan die Here verantwoordelik bly oor die regering.

Aangaande die salfolie sê die Here in Eksodus 30 twee dinge. Hierdie olie mag nie sommer op enige mens uitgegiet word nie en die olie mag nie sommer deur enigiemand gemaak word nie. Hierdie olie is vir besondere gebruik bedoel en mag nie nagmaak word nie. Daarmee openbaar die Here dat Hy sy Gees nie sommer aan enige mens gee nie. Hy gee sy Heilige Gees net aan hulle wat Hy verkies het. En verder kan en mag die werk van die Heilige Gees nie nagmaak word nie. Wat Samuel met Saul doen, is dus eg. Die Here het vir Saul gekies om sy Gees aan hom te gee. Saul het dus ook as regeerder nie uit sy eie opgetree nie. Hy was nie 'n kamma regeerder nie en hy het ook nie die werking van die Heilige Gees voorgegee nie. Hoe sou hy dit ook al kon doen? Hy het nie eers regtig 'n verhouding met die Here gehad nie.

Saul se hare het gedrup van die salfolie nadat Samuel die kruik olie oor sy kop uitgegiet het. Die Here sal niks van Saul terughou wanneer Hy sy Gees aan Saul gee nie. Die Here wil vir sy volk net die beste gee, daarom gee die Here alles wat nodig is aan Saul om die goeie regeerder te wees. Toe het Samuel vir Saul gesoen omdat hy vir Saul ondersteun as die regeerder oor Israel. Vir die eerste gesalfde regeerder in Israel sou dit verseker belangrik wees dat die man van God hom ondersteun in die opdrag wat die Here hom gegee het.

Daarna het Samuel ook nog gesê dat daar drie dinge met Saul op pad terug huis toe sal gebeur. Hierdie drie tekens gee die Here sodat Saul oortuig kan wees dat dit wat Samuel aan hom gesê het die waarheid is. Die Here gee aan Saul die bevestiging dat hy werklik deur God gekies is as regeerder oor Israel.

Maar dit was nie eers in die drie tekens wat Saul die bevestiging gekry het nie. (Sien 1 Samuel 10:2-6)

**Net toe hy omdraai om van Samuel af weg te gaan, het God Saul se gesindheid verander** (1 Samuel 10:9 AFR1983).

God het Saul se hart verander nog in die teenwoordigheid van Samuel, want God wil hê dat Saul vir Samuel sal eer as die man van God deur wie die Here tot hom spreek. Hier kan ons egter nie aflei dat Saul skielik in 'n verhouding met die Here begin leef het nie. Die woord wat ons vertaal met *verander* is nie dieselfde woord wat *bekeer* of *terugkeer* na die Here toe beteken nie. Die Here het eenvoudig net Saul se gesindheid verander ten opsigte van wat die Here kan doen. Saul se oë het begin oopgaan om te sien dat God wel aan die werk is in sy volk. Ons kan sê die Here het Saul sensitief gemaak, oplettend gemaak vir wat die Here kan doen en wat Hy wil hê Saul moet doen.

Toe Saul-hulle by Gibeon kom, het hulle die groep profete teëgekom van wie Samuel gepraat het.

**Die Gees van God het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree** (1 Samuel 10:10 AFR1983).

Saul self en baie mense wat hom voorheen geken het, het besef dat hier 'n drastiese verandering by Saul gekom het. Verbaas het die mense gevra: **Is Saul ook onder die profete?** (1 Samuel 10:11 AFR1983). Die mense het geweet dat Saul vroeër nie regtig 'n erg gehad het aan godsdiens en geloof nie. Daarom hierdie verbaasde uitroep wat later 'n spreekwoord geword het: **Is Saul ook onder die profete?** (1 Samuel 10:11 AFR1983).

Dit wat hierdie groep profete en Saul dan saam met hulle gedoen het, was nie dieselfde as wat ons normaalweg onder die profete, soos Jesaja en die andere, verstaan nie. Hulle het eerder met musiekbegeleiding die Here geloof en geprys. Ons lees van soortgelyke profete ook gedurende die tyd van Dawid in 1 Kronieke 25:1-3. Vir iemand wat vroeër nie regtig lof- en dankliedere aan die Here gesing het nie, moes dit werklik 'n besondere belewenis gewees het. Die Gees het so kragtig in Saul gewerk dat hy spontaan saam met die ander profete gesing het. Daarom hierdie groot verbasing by die mense wat Saul voorheen geken het.

Die lof en dank wat Saul aan die Here gebring het deur die werking van die Heilige Gees was vir Saul die uitwendige bevestiging dat die Here hom werklik gekies het as regeerder vir Israel. En die spreekwoord wat onder die mense bekend geword het, het nie twyfel verwoord oor Saul se egte losprysing nie, maar eerder bevestig dat dit net die Here se Gees is wat Saul so kon bekwaam het. Saul van alle mense word deur die Gees van die Here bekwaam gemaak vir die dienswerk wat die Here hom opgelê het. Natuurlik is dit nog net Samuel en Saul wat weet wat hierdie dienswerk behels, naamlik om oor Israel te regeer.

Geliefdes, ons ewige Koning, Jesus Christus, is ook gesalf deur God vir die dienswerk wat Hy moes kom verrig. Baie mense wat Jesus voorheen geken het, het Hom maar geken as Jesus, die oudste seun van Josef en Maria van Nasaret. Jesus het nie anders gelyk as ander mans van daardie tyd nie. En van Nasaret is daar ook nie iets goeds verwag nie. Maar op daardie dag toe Johannes die Doper Hom in die Jordaan gedoop het, het die Heilige Gees op Jesus gekom en is Hy tot die Christus gesalf. God het self aangewys dat Jesus die Messias is wat Hy belowe het. Johannes die Doper en baie ander mense wat op daardie dag teenwoordig was by die Jordaan het die uitwendige bevestiging van Jesus as die Christus gesien. Daarom kon Johannes die Doper later met oortuiging getuig dat Jesus die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem. Jesus is die Christus, die gekruisigde wat weer uit die dood opgestaan het om vir ewig Koning te wees oor die kerk van die Here.

En ek en jy, broer, suster en kind, ons wat met die geloof in Christus ingelyf is en die weldade van Christus aangeneem het, ons het deur die geloof deel aan Christus se salwing met die Heilige Gees.

Johannes skryf in sy eerste brief:

**Julle is egter deur Christus gesalf met die Heilige Gees** (1 Johannes 2:20 AFR1983).

Christus vervul elkeen van God se kinders met die Heilige Gees.

Na aanleiding van wat die Here met Saul gedoen het en sy voorskrifte oor die salfolie kan ons ons posisie as Christene beter verstaan. Niemand van ons is noodwendig in hierdie wêreld belangrik of in aansien nie. Saul was maar net uiterlik aansienlik, maar self het hy hom nie as baie belangrik beskou nie. Alhoewel ons nie vir onself of vir ander mense baie belangrik is nie, het die Here ons tog gekies. Hy het ons nie gekies oor wie of wat ons is nie. En net aan hulle wat Hy kies, gee Hy sy Heilige Gees. En as Christus ons met die Heilige Gees salf, is dit eg. Saul is gesalf om 'n spesiale dienswerk vir die Here te doen.

Geliefdes, ons as Christene is met die Heilige Gees gesalf vir spesiale dienswerk aan die Here. Om Christen te wees is nie 'n normale lewenstyl nie. Dit is besonders omdat die Here sy Gees net gee aan hulle vir wie Hy kies. Daarom is dit onvermydelik dat ons sal uitstaan in die gemeenskap wanneer ons onder leiding van die Heilige Gees ons dienswerk verrig. En ons dienswerk is om priesters, profete en konings te wees van ons Here. As priesters moet ons die liefde van Christus laat skitter in hierdie wêreld. As profete moet ons met dade en woorde die Here se Naam prys. As konings moet ons heers oor die sonde in ons eie lewe en in die lewe van die gemeenskap.

Die Here het vir Saul gekies en gevat soos hy is, maar die Here het hom nie gelos soos wat hy is nie. Die Here het hom verander. Die Here het ons gekies en gevat soos wat ons is. Ons moes nie eers beter word sodat die Here ons moes kies nie. Maar Hy los ons ook nie soos wat ons was nie. Hy verander ons. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees in ons maak Hy ons meer en meer bruikbaar in sy diens. Hy maak ons heilig sodat ons sy Naam kan eer as kinders van die allerhoogste God. Kom ons lewe getrou aan dit wat die Heilige Gees van ons gemaak het – draers van die Naam van ons Koning Jesus Christus.

**Amen!**

Slotgebed

## Psalm 2:4, 6 (p. 6)

- 4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer, / sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:  
"Ek self (sê God) het U gegeneer: / U is my Seun, uit wie my beeld'nis blink.  
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis. / En dat u troon vir ewig vas mag bly,  
gee Ek die volke tot u erfenis / en wêreldwydtes tot u heerskappy.
- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'tlik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
29 April 2012